# Inhoud

## Kwartaal 1: Week 6 tot 10

**Storie 1:**

Lekker speel .......................... 2



**Storie 2:**

By die see .......................... 7



**Storie 3:**

Ek gaan skool toe ................ 12



EXTRACT PAGES

# Lekker speel




EXTRACT PAGES

Ek speel.
Ek is die juffrou.
A is vir “appel”.
B is vir “bus”.
D is vir “donkie”.


EXTRACT PAGES


Ek en Sipho speel wegkruipertjie.
Sipho kruip weg.
Ek tel tot tien.
Kan jy hom sien?




Ons speel.
Ons speel saam met ons maats.
Ons skop die bal.
Die hond kyk hoe ons speel.


EXTRACT PAGES

Ons speel buite in die son.
Dit is baie lekker.
Ek skop die bal.
Daar trek die bal.




Wie gaan die bal vang?
Sipho kon nie die bal vang nie.
Die venster breek.
“Ek is jammer, Pappa.”

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Watter woorde begin nog met “a”?
2. Hoekom het die venster gebreek?
3. Hou jy van buite speel? Hoekom of hoekom nie?

# By die see



EXTRACT PAGES

Dit is vakansie.
Ons gaan see toe.
Ons pak vir die vakansie.
Die hond bring sy bal saam.


EXTRACT PAGES

Ons is op pad see toe.
Ons ry en ry.
Kyk, daar is die see!
Nou gaan ons lekker swem.